

28 September

Skrifgedeelte: Psalm 119:65-80

Fokusgedeelte: Psalm 119:71

### Hou moed, want swaarkry is vir jou goed!

**O**m swaar te kry is nooit lekker nie. Soms bring ons die swaarkry self oor ons, want sonde bring gewoonlik sy eie swaarkry saam. Iemand wat losbandig lewe, kan siektes opdoen. Iemand wat te veel drink, verwoes sy gesondheid. As jy bedrog pleeg, kan jy tronk toe gaan.

Selfs al bring ons partykeer die swaarkry self oor ons, het God ook daarmee 'n doel. Daarmee leer die Here ons dat Hy nie ons pret wil bederf met sy gebooie nie, maar dat Hy ons juis wil beskerm teen die hartseer gevolge van ons eie sonde. God se gebooie is soos die heining van 'n ruskamp in die wildtuin: Daarbinne is jy veilig, daarbuite vreet die leus jou op!

Moenie wag totdat jy jou bloedneus loop teen die gevolge van jou eie sonde nie. Luister maar na iemand wat weet waarvan hy praat: "Dit is vir my goed dat ek swaargekry het, want daardeur het ek u voorskrifte geleer."

*Sing: Psalm 119:25*

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*